## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


**ACIM: Stad 24 April 19h30**
**Kolping 20 April 19h30**
**— GvdB 20/27 Mei 2017 —**

**Boekgroep**
**Maandag 8 Mei 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________________________

E-Mail____________________________________ Sel_______________________

## ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n* ***debietorder*** *wil teken*

SnapScan
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum
## 16 April 2017
# MEANINGFULNESS
## PAASSONDAG

# STILTE IN DIE KAPEL

## ~ Hallelujah — Handel ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

ek dood, ek kom by hemelse poorte, ek klop aan relings
ek sien petrus vroetel met bos sleutels
ek vra meneer god tuis?
petrus mompel ek geloofsoortuigings?
invul op pienk vorm drievoud
ek sê ek nie seker nie,
ek my katkisasietoets geslaag destyds in erfurthuis
ek trek daarna na hillbrow, ek skree in pinksterkerke
ek hande-in-die-lug
ek gooi wagtorings uit woonstel,
ek glo wederkoms antichris hel engele
ek na weskoppies, ek skisofreen, ek roomskatoliek anglikaan
ek studeer filosofie, ek séances, ek orals god alleen weet,
meneer god
petrus krap kop glimlag dan, sluit oop, gaan maar binne
god nie godsdienstig, god liefde

*— André Letoit —*

# STILTE VAN BINNE

## — DIE VRAAG VIR ELKE HART —

*"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," antwoord Jesus. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie." "Dan is jy tog wel 'n koning?" vra Pilatus. "Dit is soos u sê: Ek is 'n koning," antwoord Jesus. "Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê."* ***"Wat is waarheid?"*** *sê Pilatus toe vir Hom.* **— Johannes 18:36-38**

*Pilatus sê vir hulle:* ***"Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?"*** *"Kruisig hom!" skreeu hulle almal. Hy vra: "Watter kwaad het hy dan gedoen?" Maar hulle skreeu nog harder: "Kruisig hom!" Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid." Toe antwoord die hele volk: "Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!" Pilatus het Barabbas toe vir hulle losgelaat; maar Jesus het hy laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word.*
**— Matteus 27:22-26**

---

- **Wat moet ek doen met die waarheid?**
  - i. Waarheid is NIE wat gemaklik, tot my voordeel, soos almal sê nie
  - ii. Waarheid is wat korrespondeer met die **realiteit** en **werklikheid**
  - iii. Waarheid het te doen met '**authenticity**' — eerlikheid met my Self
  - iv. Waarheid is altyd **waar** en is volkome, volledig **inklusief**
- **Wat moet ek doen met Jesus?**
  - ✓ *Al die vrae wat ons het ...* Sal daar 'n dag kom wat ons kan antwoord?
  - ✓ *Die keuses wat ons maak ...* Teken die prentjies van wie ons is
  - ✓ *Verlossing kom deur ...* Liefde, oorgawe, vergiffenis, en vrede
  - ✓ *Paassondag ...* Transformasie van geboorte-wedergeboorte-lewe

***The gifts of the Master are these: freedom, life, hope, new direction, transformation, and … intimacy with God.***
***He said: I am the LIFE, the LIGHT, the LOVE***

YOUR MOVE!



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ GLORIA IN EXCELSIS DEO — SOLI DEO GLORIA ~

---

## DIE BROOD VAN EENHEID EN WYN VAN LEWE

---

God is lig, die mees Hoogste — die Onbeskryflike,
God kan nie begryp word met die verstand
of met gesproke lippe nie,
God is die Gewer van Lewe van elke vorm van lewe.
God is die wêreld van spirituele intellek;
wat die son is vir ons sonnestelsel — is Hy vir ons as planete
Hy sal die goddelike laat weerkaats in ons gedagtes ...
tot so 'n mate dat ons daardeur geheilig en gereinig word.
— Gregorianus van Nicea (376AC) —

*"Want op so manier het God die wêreld liefgehad dat Hy sy eersgebore Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie tot niet sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê, want God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom geheel sal word.*
*— Johannes 3:16-17 —*

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ AMAZING GRACE — PATSY CLINE ~